DIE FEES WAT POMP
Karoofees
Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO

# 18 – 20 MAART 2021

Februarie 2021

Geagte Borg/Ondersteuner/Helper/Oud-Skolier

**KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO - Afgestel vir 2021**

Hoërskool De Aar Ouertrust, wat jaarliks die **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO** aanbied, is baie dankbaar teenoor elkeen wat die afgelope 14 jaar op een of ander manier 'n positiewe bydrae tot die Karoofees gemaak het. Die Hoërskool De Aar Ouertrust het egter ook 'n baie groot verantwoordelikheid teenoor elkeen van hierdie positiewe ondersteuners om hulle aan 'n veilige omgewing bloot te stel en hulle besighede se borgskappe in 'n veilige, positiewe omgewing maksimum blootstelling te gee. Aangesien die Feeskomitee nie tans beheer het oor hierdie groot verantwoordelikheid nie, en dus nie ons lojale Borge, Ondersteuners, Helpers en Oud-Skoliere kan blootstel aan enige aktiwiteit wat 'n invloed op hulle gesondheid kan hê nie, is daar besluit om die 15de **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO**, af te stel. Dit was verseker nie 'n maklike besluit nie, maar die goeie gesondheid van alle betrokkenes, is ononderhandelbaar!

Ons lojale borge het heel moontlik a.g.v. die Covid-19 pandemie, ook 'n moeilike finansiële jaar agter die rug. Verlede jaar het die droogte ons boere geknou, maar ons is dankbaar dat ons nog steeds aan elkeen van hulle maksimum blootstelling kon gee ongeag of hulle iets bygedra het of nie. Indien daar dus borge is, wat begroot het vir 'n **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO** borgskap, sal ons nog steeds die borgskap met ope arms ontvang en die nodige erkenning gee.

Aan al ons Oud-Skoliere wat sommige groepe se beplanning reeds ver gevorder is, is ons saam met elkeen, erg teleurgesteld. Ons onderneem egter om u nie te vergeet nie en beplan alreeds volgende jaar vir dubbel-reünies; m.a.w. die 1's en die 2's (1961 en 1962; 1971 en 1972; 1981 en 1982; 1991 en 1992; 2001 en 2002 en 2011 en 2012) en al die 5'we tussenin is ook welkom! Indien die omstandighede in 2021 sodanig verander en u groep voel u wil graag in die huidige jaar u reünie afhandel, is u welkom om die skool te skakel en ons onderneem om u behulpsaam te wees sover ons kan. Ons verseker u dat alle gelde alreeds ontvang en op ons bankstaat wys, sal aan die persoon wat dit inbetaal het, terugbetaal word indien u ons van die nodige bankbesonderhede voorsien. In 2022 gaan die reunie-groepe behoorlik pomp!!!

Aan al ons lojale ondersteuners vir wie dit elke jaar 'n groot voorreg is om die **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO,** aan te bied, baie jammer! Spaar al u geldjies sodat u 2022 se **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO,** behoorlik kan geniet!

Aan al die Stalletjies wat deur die jare so deel van die **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO,** geword het, baie dankie vir u jaarlikse besoekie! Elkeen wat alreeds 'n betaling gemaak het, sal u deposito terugontvang.

Ons glo werklik ons kan een en elkeen van u weer in 2022 by die **KAROOFEES: Moontlik gemaak deur GWK en KÿTO,** verwelkom en behoorlik pomp!

Karoofees groete

Johan Koen
***Organiseerder***

QUI PETIT INVENIET
Hoërskool De Aar
De Aar High School
242, De Aar 7000 info@karoofees.org
053 631 3691 / 3332 053 631 0964 www.karoofees.org